DEEL 116 | WEEK 16 | 19 APRIL | 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Noodwaterpunt in Heilbron




## *Heilbron-tak rig eerste noodwaterpunt op te midde van waterkrisis in dorp*

Die AfriForum-tak in Heilbron het hul eerste noodwaterpunt by 83 Greenmanstraat opgerig. Gert en Ralie Faul, die eienaars van dié eiendom, was goedgunstig genoeg om hul boorgat beskikbaar te stel en die tak het 'n watertenk met 'n kapasiteit van 5 000 liter opgerig.

Die tak is genoop om hierdie watertenk op te rig weens die voortslepende waterprobleme in dié dorp. Randwater het watertoevoer verminder en AfriForum is tans in 'n hofgeding met dié waterverskaffer hieroor. Dit is wel 'n ingewikkelde saak aangesien daar vasgestel moet word of die water verminder word weens wanbetaling of omdat daar nie water beskikbaar is nie.

Die Heilbron-tak sal die situasie moniteer om te bepaal of nog noodwaterpunte elders in die dorp opgerig moet word. Indien nog noodwaterpunte nodig is sal die tak staatmaak op donasies vanuit die gemeenskap om die punte op te rig.

Inwoners wat bereid is om boorgate hiervoor beskikbaar te stel kan vir Gerrie Muller, die takvoorsitter, skakel by 083 620 7018.

"In elke krisis is daar 'n geleentheid vir 'n gemeenskap om hande te vat en saam te werk om 'n oplossing te bereik. Ons weet dat Heilbron dié krisis ook sal oorleef mits almal saamwerk," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Muller sê dat water 'n basiese mensereg is – dis 'n behoefte. "Ongelukkig is almal nie so bevoorreg om 'n boorgat of opgaartenk te hê om te help nie. Dit sal goed wees as die gemeenskap saam met ons hierdie inisiatief kan dryf sodat ons mekaar kan help deur hierdie moeilike tyd."

Maak 'n daadwerklike verskil in jou gemeenskap en raak vandag nog by die Heilbron-tak betrokke.

Kontak Paul Bergh by 081354 3073 of besoek www.wordlid.co.za.












# Huppel Trippel gesels oor Frankfort

## *Kom kuier volgende week saam*

Dit was 'n leersame oggend met baie inligting oor Frankfort wat vir almal nuus was. Van die hedendaagse Link View Gastehuis wat in 1915 'n hospitaal was, tot die Polisiestasie, Magistraatskantoor en Poskantoor wat almal Nasionale Gedenkwaardighede is. En van Genl Roberts wat in 1900 die hele dorp afgebrand het tot wie 'n paar bekendes is wat bande met Frankfort het.

Vir die saamkuier oor twee weke word 'n heerlike pret-oggend beplan.

Kom kuier gerus saam!



*Frankfort se pragtige NG Kerk in die middel van die dorp met sy 34m hoë toring.*



# UIT DIE PEN:

## Week 16

Begin alle sprokies met: "Eendag, lank, lank gelede?" soos die stories in boeke? Nee, lees ek. Dit begin deesdae met: "As julle my verkies, belowe ek die volgende..."

Ek hoor dat Suid-Afrikaners op 29 Mei 'n IK-toets gaan skryf. Die dag wanneer ons gaan bewys dat ons kan dink en redeneer. En wie ons gaan vertrou.

Vertroue is so 'n klein woord vir een van die grootste en beste kenmerke wat iemand kan hê. Ek dink nie mens kan "vertroue" presies omskryf nie. Miskien sal die volgende prentjie help.

Vir my beteken vertroue dat ek agterop iemand se fiets ry, met 'n bestuurder wat nie die handvatsel gebruik nie. Kyk ma, geen hande. Kyk ma, geen tande. Soos ons kleintyd gesê het. Ek ry blind.

Dink jouself dit in: jy weet nie waarheen die bestuurder ry nie, weet nie wie kom van voor af nie en die bestuurder kan nie uitswaai nie, want hy het geen beheer oor die stuur nie. Die bestuurder praat nie met jou nie, hy gil dalk net so af en toe en jy moet jou staal vir wat ook al gebeur.

Die blote feit dat ek steeds agterop die fiets ry, beteken dat ek die bestuurder moet vertrou. (Dit kan ook natuurlik wees dat die fiets heeltemal te vinnig ry en ek nie kans sien om in die ry af te klim nie, maar dit is nie hier ter sprake nie. Wanneer ek daaraan dink, gril ek sommer vir die honderde kere wat ek myself disnis geval het van 'n fiets af.)

Hier moet ek nou bieg: ek glo nie sommer wat aan my opgedis word nie en ek vertrou nie maklik nie. Wanneer iemand my iets vertel wat ek nie geweet het nie, gaan soek ek dit skelm op. Dis maar seker as gevolg van verskeie liegstories wat ek al moes aanhoor. En ons almal was al deel van 'n liegstorie.

Liegstories word soms beskou as 'n strategie. Soms as 'n verbuiging van die waarheid of soms net 'n halwe waarheid genoem. Dalk iemand wat jou nie reghelp wanneer jy iets verkeerd interpreter nie. Dalk 'n wit leuntjie of verskil van opinies. Ons kan dit verskillende baadjies aantrek, maar 'n leuen is 'n leuen.

Ek verwens myself vir elke leuen wat ek al vertel het. Ek kry skaam daaroor dat daar 'n tyd in my lewe was waar ek my eie storie opgemaak het. Soms omdat ek myself uit die moeilikheid moes kry, ander kere omdat die oorspronklike storie net nie goed genoeg geklink het nie. Skaam en teleurgesteld in myself. Ek het 'n wilsbesluit geneem om regtig altyd die waarheid te vertel. So moeilik as wat dit is, probeer ek dit doen.

Hoekom is jou werk nie klaar nie, vra my baas. Ek probeer na versagtende omstandighede soek, maar erken dat ek vergeet het of net bloot laks was. Of gee 'n alternatiewe datum waarop ek kan terugvoer gee. En vat die figuurlike pak slae soos 'n man. Of vrou.

Ek wonder vandag hoe mens weer iemand vertrou wie jou in die bek geskop het, wat jou 'n wind gevoer het? Veral wanneer jy agtergekom het dat iemand jou bedrieg het. Hoe glo jy weer enige woord uit daardie persoon se mond? My Engelsonderwyser het bekendes se wyse woorde op haar muur gehad. Een daarvan het in my kop vasgesteek. Friedrich Nietzsche het gesê: "I'm not upset that you lied to me, I'm upset that from now on I cannot believe you."

En dit is wat 'n liegstorie doen: dis so moeilik om weer daardie persoon te glo.

Dink jou die volgende in, by gebrek aan 'n ander voorbeeld. Dr Venter is julle familie se algemene praktisyn. Hy is bekend met die hele gesin se kwinte en kwale. Hy is ook 'n huisvriend. Op 'n mooi dag kom die mediese fonds agter dat daar medikasie geëis word vir siektetoestande wat nie verklaar is nie. Van jou rekening.

Die mediese fonds doen navraag by jou. Nodeloos om te sê: jy kan geen antwoord aan die mediese fonds gee nie. Die dokter, jarelange familievriend en vertroueling sal dit mos nooit doen nie. Jy dink nie eers twee keer daaroor nie. 'n Paar weke daarna klop 'n ondersoeker vir die mediese fonds aan jou deur met bewyse dat Dr Venter medikasie op jou naam by die mediese fonds geëis het. Jy kan dit nie glo nie. Jy gaan terug na die vorige fakture en kom agter dat dit al 'n geruime tyd duur: vals eise op jou naam.

Wat doen mens in so geval? Konfronteer of laat die mediese fonds toe om dit te ondersoek? Bly jy nog vriende met die algemene praktisyn? Jy besluit dalk om hom nie te vervolg nie, maar die mediese fonds gaan wel. So ook die mediese raad. Braai gaan sy kierangs braai.

Dan wonder jy: As dit is wat vertrouelinge doen, wie kan jy vertrou?

Ons het die regering so amper vertrou om vir 30 jaar oor ons te regeer. Ek gaan my nie uitlaat of dit goed of sleg was nie. Ek weet net dat die volgende paar weke propvol beloftes gaan wees. As julle my verkies, belowe ek die volgende... Ek weet nie of enige mens, wie se kop teen 'n straatlig verskyn, vertrou moet word nie.

Dalk moet ons maar vir Rick Astley vertrou. Hy het mos belowe:

Never gonna give you up
Never gonna let you down
Never gonna run around and desert you
Never gonna make you cry
Never gonna say goodbye
Never gonna tell a lie and hurt you

Sterkte met die IK toets op 29 Mei 2024.


# FLU-VACCINE

*• Heilbron Clinic*

Available at you own clinic for free.


# Wat is Outisme?

*• Heilbron Kliniek*
*(Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan)*

Wêreld Outisme Dag is vanjaar op 2 April gevier. In hierdie artikel, word belangrike inligting oor Outisme Spektrum Afwyking bespreek, wat nuttig kan wees vir ouers, onderwysers of enige ander individu wat belangstel.

**Wat is Outisme?**

Die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (2000) beskryf Outisme as 'n afwyking in wederkerige sosiale interaksie met 'n beperkte reeks gedrag, belangstelling en aktiwiteite.

**Oorsaak van Outisme:**

Die oorsaak van Outisme is nog onbekend, maar van die opinies sluit in dat dit dalk mag wees as gevolg van 'n genetiese predisposisie.

**Enkele algemene eienskappe van outisme.**

- Min bewustheid van andere.
- Verbeeldingspel mag swak wees, bv. kan nie met 'n houtblok speel asof dit 'n karretjie is nie.
- Die ontwikkeling van spraak en taal mag afwykend, afwesig of stadig wees. Baie min reaksie op gesproke taal en tree soms op asof hy/sy doof is.
- Veranderings in roetine of omgewing kan persoon ontstel.
- Jaag aktiwiteite op 'n herhalende manier na en kan nie deur voorstelle van verandering beïnvloed word nie.
- Onvanpaste gehegtheid aan voorwerpe.
- Vertonings van erge benoudheid of woedeaanvalle vir geen opsigtelike rede.
- Vind interaksie met mense moeilik en maak geen of min oogkontak.
- Geen werklike vrees vir gevaar nie.
- Verkies om op hulle eie te speel.
- Self-beserende gedrag, bv. kopstamp, krap of byt.
- Vreemde gewoontes soos wieg, hande wapper of laat voorwerpe in die rondte rol.
- Onbelangstellend of afsydig teenoor aanraking, drukkies of liefkosing.
- Sintuie van aanraking, smaak, sig, gehoor en/of reuk mag verhoog of verlaag wees.
- Skielike lag of huil vir geen opsigtelike rede.
- Oneweredige growwe/fyn motorvaardighede.
- Abnormale slaappatrone.

**Belangrik om te onthou:**

Dit is belangrik om te onthou dat outisme 'n afwyking is wat op die spektrum val, wat beteken dat simptome van matig tot ernstig kan wissel. Die bogenoemde tekens sluit nie al die elemente betrokke by 'n outisme diagnose in nie. Hierdie kenmerkende eienskappe van outisme kan 'n kind se vermoë om aan te pas by onverwagse lewensgebeure beïnvloed, asook sekere reaksies vanaf ander, omrede dit uitdagend vir hierdie kinders is om sin te maak van die situasie.

**Hoe word 'n kind met outisme gediagnoseer?**

Wanneer daar vermoed word dat 'n kind miskien outisme mag hê, is dit belangrik dat daar so gou moontlik 'n diagnose gemaak word.

Die volgende stappe kan gebruik word om vir hierdie kinders die nodige hulp en ondersteuning te verkry.

**Stap 1: Besoek die dokter**

Vir 'n kind om met Outisme gediagnoseer te word, word 'n verwysing benodig. Om die verwysing te verkry, moet jy eers na die dokter gaan en jou bekommernisse rakende die kind se ontwikkeling vir hom/haar verduidelik.

**Stap 2: Die pediatriese assessering**

Die kind sal geassesseer word deur die pediatriese neuroloog, wat dan die kind sal verwys na 'n professionele persoon wat spesialiseer in die sosiale aspek van kommunikasie.

**Stap 3: Die diagnose**

Wanneer die diagnose gemaak is kan jy met die skool praat om te bepaal of spesiale onderrig nodig is en of die kind in staat sal wees daartoe om te funksioneer in 'n hoofstroom skool. Daar kan aansoek gedoen word vir spesiale finansiële hulp. Dit kan help om ekstra uitgawes te dek.

**Hulp in Suid-Afrika:**

Outisme Suid-Afrika webblad: www.autismsouthafrica.org
Outisme Weskaap webblad: www.autismwesterncape.org.za

**Bronne:**

Outisme: Praktiese riglyne brosjure vanaf Outisme Suid-Afrika.


POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# Heilbronners ontvang graad



*Marni Matthee*



*Anelda Pretorius*



*Amané Watson*



*Jannelize Naudé*

Marni Matthee, 'n trotse voormalige student van Hoërskool Heilbron, het onlangs 'n hoogtepunt bereik deur haar Nagraadse Diploma in Bestuur aan die NWU Pukke te ontvang. Nadat sy haar graad in BCom Bestuurswetenskappe met Bemarkingbestuur voltooi het, het sy besluit om haar kennis en vaardighede verder uit te brei deur 'n spesialis-diploma te voltooi.

Marni verduidelik hoe haar diploma haar blik op die wêreld van werk verbreed het. Sy het beklemtoon dat die praktiese aspekte van haar kursus haar 'n voorsprong gegee het in die besigheidsomgewing. Een van die gebiede wat sy benadruk het, is haar vermoë om akkurate vooruitskattings te maak, asook om die impak van ekonomiese gebeure op besighede te verstaan en effektief te beplan in sulke situasies.

"Die diploma het my begrip van hoe ekonomiese faktore besighede beïnvloed, aansienlik verbeter. Dit het my ook gehelp om my bemarkingstrategie te verbeter," het Marni gesê. "Ek sien hoe my kennis en vaardighede wat ek deur die diploma opgedoen het, my elke dag help om beter te presteer en om waarde by te dra tot die sukses van OVK Hoopstad waar ek werk."

Marni se suksesvolle voltooiing van haar Nagraadse Diploma in Bestuur illustreer nie net haar toewyding tot voortgesette leer nie, maar ook haar vasberadenheid om haar vaardighede te ontwikkel en 'n impak te maak in die sakeomgewing.

**VANG JY GRAAD STUUR DIT GERUS NA HENDIE LÖTTER BY 071 175 9807 OF heraldnuus@heilbron.co.za**

Die reis na 'n professionele loopbaan in rekeningkunde is een van toewyding en harde werk. Vir 'n groep uitblinker studente, insluitend Amané Watson, Anelda Pretorius en Jannelize Naudé, het hierdie pad 'n realiteit geword. Na die voltooing van hul oorspronklike graad, Bcom CA, het dié twee hul nagraadse studies in rekeningkunde voortgesit. Na 'n jaar van harde werk, ontvang hulle hul nagraadse diploma in rekeningkunde (PGDA) aan die Noordwes Universiteit (NWU). Die kwalifikasie was voorheen bekend as Certificate in Theory of Accounting (CTA) of sertifikaat in teorie in rekeningkunde. Dit is 'n uiters belangrike kwalifikasie op die roete om as 'n geoktrooieerde rekenmeester te kan registreer.

Een van die belangrikste aspekte op hierdie pad is die aanvanklike toets van bevoegdheid (ITC), wat die eerste van twee raadseksamens is wat vereis word om as CA(SA) te kan registreer. Op 24 en 25 Januarie 2024 het Amané en Anelda hierdie uitdaging aangepak en die ITC eksamen geslaag. Die NWU Pukke spog met 'n 97% slaagsyfer in hierdie raadseksamen. Hierdie prestasie plaas NWU tans tweede in die land onder die universiteite.



*Tydens die herfs-gradeplegtigheid verwerf Archelle Meyburgh die graad BCom Honeurs in Forensiese Rekenmeesterskap. Archelle is die dogter van Michelle en Arnold Meyburgh en kleindogter van Adv. Jackie Steytler.*



*Danelle de Vos het op Vrydag 12 April haar B.Ed-graad ontvang en sy het dit met 'n onderskeiding voltooi. Juffrou Danelle is in 2024 by Hoërskool Heilbron aangestel as Wiskunde-onderwyseres, waar sy 'n groot impak op die leerders maak.*

# INSPIRASIE RESEPTE

Pasch du Plooy



With the winter approaching, try this easy and warming cookie recipe. It's spicy and so delicious.

**TRIPLE GINGER CRINKLE COOKIES**

185g cake flour
½ tsp baking soda
2 tsp ground ginger
1 tsp nutmeg
¼ tsp all spice
1/8 tsp cloves
1/8 salt
120g crystallized ginger
114g butter
½ cup dark brown sugar
½ cup molasses
2 tsp freshly grated ginger

**Method**

In a bowl sift together flour, baking soda, spices and salt. Toss in the chopped crystallized ginger breaking up any clumps. In a large bowl cream together butter, brown sugar and fresh ginger. Pour in molasses and beat well. Mix in the dry ingredients until just combined. The mixture should be somewhat thick and sticky. Wrap dough in plastic and refrigerate for 1-2 hours. Cut into 20g pieces. Roll into balls. Roll each ball in granulated sugar and bake for 10-12 min on 180 degrees.

Serve with spiced tea or with afternoon coffee.




# Kleuterkasteel se MacNab 'n groot sukses

Saterdag was 'n besonderse dag vir Kleuterskasteel toe hulle hul eerste nie-tradisionele MacNab aangebied het. Die dag was 'n reuse sukses met deelnemers wat 24 uur gehad het om vier diere te jag: jakkalse, vlakvarke, springhasies, en tarentale. Die stelsel het volgens gewig gewerk en elke span kon tot 'n maksimum van 5 diere jag. 'n Bonuspunt is verdien as 'n tarentaal met 'n haelgeweer geskiet is.

Spanne van 4 persone het op hul eie persele gejag en teen 16:00 was alle diere ingelees en geweeg op die Vegkop Feesterrein. Die dag is afgesluit met 'n opwindende prysuitdeling. Die algehele wenners was die Plotrotte was bestaan het uit Arnold Engelbrecht, Armand Smith en Paul Keogh. In die tweede plek was die Groot Wildjagters Waldo Steyn, Wolter Bennink en Gideon Swart. In die derde plek was die Bomb squad (Rikus van Rooyen, Estian Malherbe, Johan Breitenbach en Johan Broodryk).

Daar was ook 'n prys vir die mees snaakse naam waarvan die wenner Kruitkoppe was.

Die opbrengs van die dag het 'n indrukwekkende som van R 25 000 vir Kleuterskasteel ingesamel.

Na die jag was daar vir deelnemers en besoekers van die omliggende gebied 'n heerlike aand van vermaak en geselligheid. Die optrede van Eloff het almal vermaak terwyl daar stalletjies en vermaak was vir jonk en oud om van te geniet.

Die sukses van hierdie MacNab wys dat Kleuterskasteel se gemeenskap sterk bande het en bereid is om opwindende en nuwe geleenthede aan te gryp.




*Die Groot wildjagters. Op die foto vl: Waldo Steyn, Wolter Bennik en Gideon Swart.*





*Wenners van die snaakste naam: Kruiterkop. Op die foto vl: Jannie Els, Wilmar Pretorius, Marnus Pretorius, Ryno Bester, WJ Naude, Louis Krouwkamp en Janco Krouwkamp.*



*Op die foto Eloff wat die aand opgetree het.*



*Op die foto agter vl: Die Plotrotte - Chenel en Arnold Engelbrecht, Armand en Grace Smit en Paul Keogh. Voor: Gerhard Engelbrecht.*

## Kleuterkasteel Heilbron bedank graag die volgende borge:

Heilbron
Goedehoop Ghoya Africa Conservancy
Van Loveren Family Vineyards
AFS Africa Fuel Services (Pty) Ltd
Pakworks
Claasens Designs
Telwiedre Voere
L&T Boerdery Since 1999
Bayer
CH Tombstones
Bayagro
enslins
Truck Stop
Star
OK


# Suryn se slimkoppe

Suryn Claasen, wat ekstra klasse in wiskunde en fisiese wetenskap aanbied, spog met die buitengewone prestasies van drie van die vele slimkoppe in haar klasse. Elsabé Claasen, 'n graad 11 leerder van Hoërskool Wilgies, se gemiddeld vir Wiskunde in graad 11 is 'n ongelooflike 99%. Suryn is ook trots op haar top-presteerder in Heilbron, Ellie Combrink, 'n graad 7 leerder van Hoërskool Heilbron, wat 'n gemiddeld van 96% behaal. Rudy Swanepoel, 'n graad 8 leerder van Hoërskool Heilbron het ook sy wiskunde verbeter met 'n indrukwekkende 25%. (Ellie en Rudie het albei net een kwartaal se ekstra klasse in wiskunde bygewoon).


Hierdie uitmuntende prestasies moedig toppresteerders aan om nog beter te doen, terwyl ons ook hulp bied aan leerders wat sukkel om hul beste te bereik in hierdie belangrike vakke. Ekstra klasse is beskikbaar vir graad 7 tot 12 in wiskunde en graad 10 tot 12 in fisiese wetenskap. Daar is nog 'n paar plekke beskikbaar vir 2024, en ons moedig besprekings vir 2025 betyds aan. Kontak Suryn vir enige navra by 083 234 9882.



*Elsabé Claasen*



*Rudy Swanepoel*



*Ellie Combrink*

# Belangrikheid van Brand-beskermingsvereniging

Tydens 'n algemene jaarvergadering gehou deur Vegkop Brandbeskermingsvereniging op 10 April 2024 is die volgende lede tot die bestuur verkies: Voorsitter: Jeff Roos, Tesourier: Gerdus Swart, Sekretaresse: Nonna Roos, Brandbeampte: Peet Saaiman en Tommie Esterhuyse as gekoöpteerde lid. Dit het aan die lig gekom dat baie lede versuim om ledegeld aan die Brandbeskermingsvereniging te betaal. Dit is 'n statutêre verpligting. In dié verband word u aandag op die bepalings van artikel 34 van die Nasionale Wet op Veldbrande, 1998, gevestig.

As jy nie lid van 'n Brandbeskermingsvereniging is nie stel die wet 'n vermoede daar dat die grondeienaar nalatig opgetree het en die bewyslas sal op hom rus om die teendeel te bewys. Indien jy wel 'n opbetaalde lid van 'n Brandbeskermingsvereniging is, is jy vrygestel van die wetlike vereistes soos byvoorbeeld om rondom jou plaas 'n voorbrand te moet maak. Opbetaalde lede moet wel voldoen aan die vereistes gestel deur die Brandbeskermingsvereniging. Die onus rus dus op die grondeienaar om sy ledegeld te betaal en lid van 'n Brandbeskermingsvereniging te wees. Die plig berus by die grondeienaar om versekeringsmaatskappye met volle bewys ten opsigte van plaas/plase in kennis te stel. By gebrek hieraan kan enige eise moontlik afgewys word. Hierdie inligting moet ook ooreenstem met die inligting by die Brandbeskermingsvereniging.



Alle lede moet asseblief toesien dat brandbestrydingstoerusting in werkende toestand is vir die brandseisoen. Vanjaar gaan 'n lang winter wees en die winde gaan waai. Wees paraat, wees voorbereid.

"Onkunde van die reg is geen verskoning."
**(Ignorantia juris non excusat.)**

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
Cnr Langenek & Steyn St. Heilbron 083 488 1640 | admin@solarvibestore.com
SOLAR VIBE HAS MOVED TO STEERS
Your one-stop electrical shop!

# HERALD *Sport*

# Riemland Jagtersvereniging se jaarlikse prysskiet-kompetisie

Saterdag 13 April was die jaarlikse prysskiet, uitslae soos volg:

• Jaggeweer
1. Wilhelm Dreyer, 2. Japie Steyn
3. Jessica van der Walt

• .22
1. Hennie Viviers, 2. Paul Keogh
3. Riaan Steyn

• Haelgeweer
1. Beau du Plessis, 2. Hennie Viviers
3. Pierre Botha

• Handwapen
1. Pierre Botha, 2. Hennie Viviers
3. André Kampman

• Spanskiet
1. Hennie Viviers en Willie Dreyer
2. Riaan Steyn en Beau du Plessis
3. Gert en Willie Matthee.

Algehele wenner vir die dag
Hennie Viviers.



*Op die foto agter vl: Japie Steyn en Riaan Steyn.*
*Voor vl: Hennie Viviers, Beau du Plessis, Wilhelm Dreyer en Jessica van der Walt.*

# 11 Jaar Klubkampioen

Jackie Leonard wen met 152 houe vir die elfde jaar Heilbron se gholf kampioenskappe, dit is ook die sewende agtereenvolgende jaar. Jackie is ook die A afdeling se wenner. In die klub se geskiedenis het Johan du Plessis die meeste klubkampioenskappe gewen, wat ook altesaam elf jaar is. Die klub is baie trots op Jackie se ongelooflike prestasie. Simon Malgas was die naaswenner met 153 houe en Ruan Mienie in die derde plek met 175 houe.

Wynand Venter en Obie Oberholzer wen gesamentlik die B afdeling met 179 houe, ongelukkig was dit reeds donker en kon die manne nie 'n uitkloprondte speel nie. GP Rossouw is die C afdeling se wenner met 178 houe en Jerry Nhlapo is die senior wenner met 88 houe.

Isabelle Hausleitner wen die dames afdeling met 'n merkwaardige telling van 97 houe. Thulani Malgas het sy pa, Simon Malgas, se goeie sportmangees geërf en wen met trots die junior afdeling.

Die HBA monthly mug was ook Saterdag op die spel en gewen deur Johan Weilbach.

Vanaand is die joker speletjie en môre is die AP Kerk Heilbron se gholfdag met uitstekende pryse op die spel. Afslaan is 10:30 vir 11:00, gholfers en nie-gholfers is welkom. Die klub nooi almal om sosiaal die klub oor die naweek te besoek.



*Op die foto agter vl: Jerry Nhlapo (Seniors), GP Rossouw (C Afdeling) , Jackie Leonard (Algehele en A Afdeling), Isabelle Hausleitner (Dames), Johan Weilbach (HBA Mug). Voor vl: Wynand Venter & Obie Oberholzer (B Afdeling), Thulani Malgas (Juniors).*














BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 22 APRIL 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 23 APRIL 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**WOENSDAG - 24 APRIL 2024**
REITZ DLU speenkalf veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Maandelikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

POTCHEFSTROOM: NIALCOR TRUST
UITVERKOPING VAN BEESTE
11:00, plaas Kruitfontein
Kontak Jaco Schoonraad 082 659 0716

**DONDERDAG - 25 APRIL 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

FICKSBURG Kwartaalikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 26 APRIL 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 27 APRIL 2024**
BLOEMFONTEIN: BKB ELITE
ILE DE FRANCE VEILING
Bloemskou
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830